## DIE PLEK VAN SIELSORG IN DIE CHRISTELIKE DIAKONIE — PRINSIPIEEL GESIEN.

Die vraagstelling in die opskrif van hierdie referaat kan ook andersom gestel word, nl. **Die plek van die Christolike Diakonie in die Sielsorg — Prinsipieel gesien.** Daarmee bly die wesenlike probleem wat hier aangeraak word, onveranderd.

In die handboeke wat handel oor sielsorg, word die ontbreking van 'n hoofstuk wat handel oor die versorging van die siel van die wat in een of ander vorm van stoflike of ekonomiese nood verkeer, as 'n hiaat aangevoel.

Die vraag of die siel van die mens versorg kan word, sonder om ook die liggaam in aanmerking te neem, en of die liggaam versorg kan word sonder dat ook die siel daarby betrek word, word tentatief aangeraak, maar nie prinsipieel in behandeling geneem ten opsigte van ons probleemstelling nie.

Om hierdie probleem bevredigend in sy diepte te peil, is dit nodig dat ons uit die aard van die saak Gods Woord sal laat spreek. [1]) Die skepping van die mens word in Gen. 2:7 beskryf as 'n gevorm word deur God uit die stof van die aarde en die inblaas van lewens-asem in sy neus. Die mens is dus 'n lewend-gemaakte liggaam en nie soos in die Griekse-filosofie, 'n ewige siel wat in die liggaam ingekerker is nie. [2]) Hier word eenvoudig en beslissend geopenbaar dat die mens uit liggaam en gees ook siel bestaan. [3]) Die mens is in sy geheel deur God geskape. Net-soos die liggaam is die siel nie 'n goddelike wese nie. Dit is nie 'n emanasie van God nie. Ook tussen die siel en God staan die aksie van skepping deur God. [4])

In die Ou Testament vind ons nie 'n uitgewerkte psigologiese sisteem nie. Die woorde siel, gees en hart word dikwels naas mekaar en min of meer deurmekaar gebruik. [5]) Hierdie begrippe kan in hoofsaak min of meer as volg van mekaar onderskei word : **siel** (Nefes) is die mens in sy syn as lewende wese — dit is die motoriese in sy lewe, sowel fisies

---

1) Emil Brunner, *Gott und Sein Rebell,* Rowohlt Hamburg, s.j., s. 17. Anders as in die natuurwetenskaplike en filosofiese antropologie wat die mens uit homself wil leer ken, laat die teologie die Woord van God spreek.

2) Th. C. Vriezen, *Hoofdlijnen een Theologie van het Oude Testament,* H. Veenman & Zonen, Wageningen 1954, blz. 213; G. Kittel, *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament,* W. Kohlhammer Verlag Stuttgart, Bd. VII, s. 391 f.

3) E. Thurneysen, *Die Lehre von der Seelsorge,* zweite auflage, Evangelischer Verlag A.-G. Zollikon-Zürich, 1957, s. 45.

4) E. Thurneysen, *a.a.O.,* s. 47.

5) Th. C. Vriezen, *a.w.,* blz. 214; H. H. Rowley, *The Faith of Israel,* SCM Press Ltd., London, 1956, p. 84, note 4.

as psigies; [6]) hy het **gees** (ruach) in sover hierdie lewende bestaan ook lewensinhoud het, in sover hy besiel is deur bepaalde voorstellings en gevoelens. Hy is dus 'n persoon, 'n karakter; [7]) die **hart** (leb) is die innerlike wese waarvan sy wil en handeling uitgaan — dit kan ook verstand beteken. [8])

Die Ou Testament ken nóg die leer van 'n drie-deling van die mens in siel, gees en liggaam, nóg die van 'n twee-deling in siel en liggaam omdat hierdie verskillende funksies nie begripmatig assodanig van mekaar te onderskei is nie. [9])

Die mens word as beelddraer van God wat hom onderskei van die diere omdat hy in 'n verhouding van kindskap met God kan verkeer [10]) en omdat hy met God gemeenskap kan voer [11]) as 'n totaliteit, as 'n persoon gesien. Daarom kan hierdie begrippe met die persoonlike voornaamwoord vervang word. Hulle is op 'n bepaalde wyse op mekaar betrokke. Alleen in hierdie betrokkenheid is siel en liggaam wat hulle is nl. die God geskape mens. [12])

Buite die Corpus Paulinorum kry ons wel in die Nuwe Testament die gebruik van die begrip liggaam, maar nie so talryk as in die briewe van die Apostel nie. Uit die aard van die saak kry ons bewysplekke in die Nuwe Testament waar van die lyk van Christus soos in Mark. 15:43 en paralelle, of van 'n dier soos in Luk. 17:37 gepraat word, of waar van die siek liggaam soos in Mark. 5:29 die sprake is. Dit is algemene gebruike vir die begrip liggaam. Spesifiek Ou Testamenties is die gebruik van Liggaam as die parallelee begrip vir **basar** in die Ou Ou Testament, wanneer dit gesien word as dit waarin die lewe is, waarin die mens bewaar word en waarin die hemel of die hel geërf sal word. [13])

Wanneer Christus in Matth. 10:28 sê dat hy wat die liggaam kan dood, maar nie die siel nie, nie gevrees moet word nie, maar wel hom wat die siel sowel as die liggaam kan dood, skep dit die indruk dat die siel hom van liggaam kan distansieer. [14]) Tog moet ons aanneem dat die grondgedagte ook hier Ou Testamenties is. Hy wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel, moet gevrees word. Dus hy wat die mens in sy geheel as geskape wese van God vernietig, moet gevrees word.

---

6) H. H. Rowley, *l.c.*, p. 74, note 3; Th. C. Vriezen, *a.w.*, blz. 214.
7) H. H. Rowley, *l.c.*, p. 84; Th. C. Vriezen, *a.w.*, blz. 214; G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VI, s. 358 f, s. 394.
8) Th. C. Vriezen, *a.w.*, blz. 214; G. Kittel, *TWZNT*, Bd. III, s. 609 f.
9) Th. C. Vriezen, *a.w.* blz. 215; H. H. Rowley, *l.c.*, p. 84; G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VI, s. 433.
10) Th. C. Vriezen, *a.w.*, blz. 220 v.
11) H. H. Rowley, *l.c.*, p. 83.
12) H. Berkhof, *De Mens Onderweg*, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage
13) G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VII, s. 1043 ff. 1055.
14) G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VII, s. 1055.

Die gedagte dat die siel hom van die liggaam kan distansieer skyn ook opgesluit te lê in Luk. 12:4 en Hebr. 13:3. [15])

In die Avondmaal-tekste het ons egter met 'n suiwer Joodse interpretasie van Christus as mens, as persoon, te doen. Christus word hier deur die begrippe liggaam sowel as bloed as die Offerlam van God voorgestel. [16])

Van wesenlike belang vir die bepaling van die betekenis van die begrip liggaam vir ons probleemstelling, is die Corpus Paulinorum. Dit is reeds voldoende bewys dat die Apostel nie Grieks-filosofies of ook Gnosties denkend is nie, maar Ou Testamenties soos dit in die Septuaginta sy neerslag gevind het. [17]) Die Hellenistiese beskouing dat die siel die werklike mens uitmaak, terwyl die liggaam 'n hindernis of belangloos is, ontbreek by hom. [18]) Ten opsigte van die begrip liggaam is die Apostel se denke bewus Ou Testamenties. Die omvattende begrip vir die mens syn, word deur die Apostel gekarakteriseer met die begrip liggaam. So bepalend vir die menslike syn is hierdie begrip vir hom dat hy hom nie 'n toekomstige lewe sonder liggaam kan voorstel nie [19]). Dat die Apostel sydelings ander betekenisse vir die liggaam, as die Joodse, gebruik kan nie as maatgewend vir sy interpretasie daarvan aangeneem word nie. In die meeste twyfelagtige bewysplekke leen hy 'n begrip om dit met 'n Joodse inhoud te vul. Dit is duidelik dat hy met liggaam die persoon, die God geskape mens in 'n bepaalde verhouding as geheel in die gedagte het. [20]).

Die Apostel kan die voorstelling huldig dat die mens by 'n pneumatiese belewenis soos beskryf in 2 Kor. 12 : 1-3, buite die liggaam kan tree omdat hy eerstens hierdie belewenis nie die moeite werd ag om bekend te maak nie, indien hy nie deur sy teenstander daartoe gedwing was nie, en tweedens omdat dit vir hom nie saak maak of hy in of buite die liggaam is nie. Hy laat hierdie vraag onbeantwoord. [21]) Tog is hierdie pneumatiese belewenis 'n indirekte polemiek teen die Gnostisisme, wat die hemelvaart van die siel, bevry van die liggaam, leer. Word vers 4 van hierdie Skrifgedeelte gelees, is dit duidelik dat die Christen nie begeer

---

15) E. Best, *One Body in Christ,* S.P.CK. London 1955, p. 216.
16) G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1065 f.
17) E. Best, *l.c.,* p. 216; Vergelyk ook: W. D. Davies, *Paul and Rabbinic Judaism,* S.P.C.K. London 1955; R. Bultmann, *Theologie des Neuen Testaments,* Verlag J. C. B. MOHR (Paul Siebeck) Tübingen 1958, s. 186-266; G. Kittel *TWZNT,* Bd. VII, s. 1057; J. N. Sevenster, *Het Oudste Christendom en de Antieke Cultuur,* 11, onder redactie van J. H. Waszink, W. C. van Unnik en Ch. De Beus, H. D. Tjeenk & Zoon N.V. Haarlem 1951, blz. 299-306.
18) G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1057.
19) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 193; G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1057; Vergelyk 1 Kor. 15:35-44.
20) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 193 f.
21) G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1057.
21) G. Kittel, TWZNT, Bd. VII, s. 1057

om **uit** die **liggaam geruk** te word nie, maar om weggeruk te word in die Paradys. [22]) By implikasie word die skeiding van liggaam en siel ontken. Dit is volkome deursigtig dat die Apostel in hierdie geval in sy konfrontasie met die teenstaander, dié se begripmatigheid adopteer om die sinneloosheid daarvan te ontbloot.

Rom. 7:24 „Ek ellendig mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" skyn die Joodse betekenis te weerspreek. Dit gee egter die innerlike stryd van die Apostel weer — die stryd tussen die **ou ek** en die **nuwe** deur Christus **herskape ek.** Dit kan nie beskryf word as 'n konfrontasie tussen liggaam en siel nie — my siel wil, maar my liggaam nie. [23]) Hierdie roep van die Apostel in die nood, is nie om van die liggaam as sulks verlos te word nie, maar om van die liggaam wat deur die vlees beheers word, verlos te word. [24]) Die Apostel sinspeel hier soos vers 25 bewys, op die verlossing uit die sonde en dank God vir die verlossing deur Jesus Christus.

'n Ander Skrifgedeelte wat die indruk kan skep asof liggaam en gees teenoorgesteldes is, is Rom. 8:10 en 11; „Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het ook julle sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon". In sy kern beskou, beteken hierdie Skrifgedeelte dat die deur die sonde beheersde liggaam [25]) reeds in Christus veroordeel en oorwin is, dat die nuwe deur die Gees van God regeerde liggaam lewendig is omdat die geregtigheid van God reeds in Christus 'n werklikheid geword het. Die Gees is hier nie die menslike gees nie, maar die Gees van God wat in die mens woon indien Christus toegelaat is om sy woning in die liggaam te maak. [26]) Indien hier 'n dualisme tussen liggaam en gees aanvaar word, is die teks nutteloos, want lewe op aarde is onmoontlik sonder die liggaam en die siel. [27]).

'n Skrifgedeelte wat wel probleme skep is I Kor. 5:3; „Want wat my betref, het ek, liggaamlik afwesig, maar in die gees teenwoordig, alreeds besluit asof ek teenwoordig is". Dit skyn asof dit 'n teenstelling tussen die liggaamlike, persoonlike afwesigheid en die teenwoordigheid in gedagtes, wense en wil is. In vers 4 spreek hy die eg Joodse gedagte uit dat dit nie vir hom gaan oor die geestelike teenwoordigheid in gedagtes nie, maar oor 'n werklike teenwoordigheid by die gemeente saam met

---

22) R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 203 f.
23) E. Best, *l.c.*, p. 217.
24) G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VII, s. 1063; R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 201.
25) G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VII, s. 1063.
26) R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 209.
27) E. Best, *l.c.*, p. 218.

Christus. [28]). Dat daar in hierdie Skrifgedeelte in 'n sekere mate 'n teenstelling tussen liggaam en gees bestaan, moet aanvaar word, maar die liggaam kan ook in hierdie geval nie gesien word as die gevangenis van die siel nie, nog as 'n kleed wat eendag afgewerp sal word nie. [29])

In 2 Kor. 5:10 kry ons inderdaad die verskynsel dat die Apostel 'n Gnosties-Hellenistiese begripmatigheid dat die liggaam die kleed van die siel is, opgeneem het. [30]). Maar teen hierdie gnostiese verlossings-gedagte dat die verlossing van die siel 'n afwerp van die liggaam as 'n kleed is, vrees die Apostel as egte Jood om voor God naak gevind te word. Hy verwerp dus die gnostiese teenstelling tussen liggaam en siel. Die Gnostiese begripmatigheid word gebruik om die ongerymdheid daarvan te ontbloot. In vers 10 gaan hy oor in die tradisionele Joodse gebruik waar 'n uittree uit die liggaam met nadruk ontken word. [31]). In Kol. 2:23 ontken die Apostel die gnostiese gedagte dat die liggaam die gevangenis van die siel is. Om die liggaam te ontken, sal nie die siel van die mag van die sonde verlos nie omdat siel en liggaam nie teenoor mekaar gestel kan word nie. [32]) Dit is volkome deursigtig dat die Apostel Gnosties-Hellenistiese gedagtes en begripmatighede leen om die ongerymdheid daarvan te ontbloot en om dit met 'n Joods-Christelike inhoud te vul.

Daar is Skrifgedeeltes wat ondubbelsinnig die Joodse agtergrond van die Apostel se gedagtegang bevestig en omskryf. Rom. 2 : 1 is miskien die sprekendste bewys daarvoor: „Ek vermaan julle dan, broeders by die ontferminge van God, dat julle julle liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens". Hier dui liggaam nie die liggaamlike vormgewing aan nie, maar die persoon as geheel, as totaliteit. Dit kan met die persoonlike voornaamwoord vervang word. Dit is nie so dat die mens 'n liggaam het nie, maar eerder so dat hy 'n liggaam is. [33]) Dieselfde kan van I Kor. 13:3, Filip. 1:2 en I Kor. 6:12-20 gesê word. [34]).

Siel en aanverwante begrippe word in die Nuwe Testament, soos in die Ou Testament, nie in 'n psigologiese sisteem aangebied nie. Daarom word hulle dikwels naas mekaar en min of meer deurmekaar gebruik. [35]) Die so dikwels saam met liggaam gebruikte begrip siel, tref ons relatief selde by die Apostel Paulus aan. Naas liggaam en gees word dit in

---

28) E. Best, *l.c.,* p. 218; R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 209; P. A. van Stempvoort, *Eenheid en Schisma,* G. F. Callenbach N.V. — Uitgever — Nijkerk 1950, Blz. 77-133; G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1061.

29) E. Best, *l.c.,* p. 218; R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 202.

30) E. Best, *l.c.,* p. 219.

31) G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1057 f.; E. Best, *l.c.,* p. 219.

32) G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1064; E. Best, *l.c.,* p. 220.

33) E. Best, *l.e.,* p. 216; R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 195; G. Kittel, *TWZNT* Bd. VII, s. p. 1062 f.

34) G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VII, s. 1062 f.; R. Bultmann, *a.a.O.,* ss. 194, 195, 196; E. Best, *l.c.,* p. 216 f.

I Thes. 5:23 gebruik en maak dit die indruk asof die mens in drie gedeel kan word. Dit lê egter nie in die denkrigting van die Apostel in hierdie geval nie, want hy bid dat sy hoorders geheel en al onberispelik bewaar sal word by die wederkoms van ons Here Jesus Christus. [36]) Hy kon „gees en siel en liggaam" met die persoonlike voornaamwoord vervang het.

Dat die Apostel siel en liggaam nie in 'n dualistiese sin teenoor mekaar stel nie, het al volkome duidelik geword in sy gebruik van die woord liggaam. Siel is in die eerste plek die parallelle begrip vir die Ou Testamentiese **nefes** wat die krag van die lewe weergee, die motoriese in die lewe van die mens. Dit betuig die mens as geheel, as 'n persoon wat kan lewe [37]) Dieselfde kan van die gebruik van die siel in Rom. 11:3, 16:4, 2 Kor. 1:23; Filip. 2:30 en I Thes. 2:8 gesê word. Die gebruik van „siel van elke mens" in Rom. 2:9 en 13:1 kan vertaal word met „elkeen" of „elke lewende wese". Dit benadruk duidelik dat die hele persoon in die bedoeling van die Apostel opgesluit lê. So moet siel ook in 2 Kor. 1:23 en I Thes. 2:8 verstaan word. In 2 Kor. 12:15 kan „julle siele" vervang word met „julleself". [38]). I Kor. 15:45 kan probleme oplewer indien „lewendmakende Gees" gesien word as 'n menslike gees teenoor die „lewende siel" van die mens. Dit is hier egter nie die mens as 'n „lewende siel" wat teenoor „lewendmakende Gees" gestel word nie, maar die „lewende siel", die mens gskape wese van God, word teenoor die Skepper Gees, wat in Christus aan die mens die nuwe lewe gee, gestel. [39]).

Andersins gebruik die Apostel Paulus siel deurgaans in die betekenis van die Ou Testamentiese tradisie as die lewendige mens [40]) wat ook met die persoonlike voornaamwoord vervang kan word. [41]) Soos siel en gees in die Ou Testament soms as parallelle begrippe gebruik word, so tref ons dit ook by die Apostel aan. [42]). Dit is nodig dat hier duidelik gestel word dat die Heilige Gees en die Gees van God van die gees van die mens onderskei moet word. In Rom. 8:16 word die Gees van God van die gees van die mens onderskei. Die mens ontvang wel die Gees van God, maar hy is nie so deur God geskape nie, hy het nie die Gees van God as 'n natuurlike gawe nie. In I Kor. 2:10 v. kry ons dieselfde gedagte. [43]).

---

35) Th. C. Vriezen, *a.w.,* blz. 214; H. H. Rowley, *l.c.,* p. 84, note 4.
36) E. Best, *l.c.,* p. 220; R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 204.
37) H. H. Rowley, *l.c.,* p. 74, note 3; Th. C. Vriezen, *a.w.,* blz. 214; R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 204 f.
38) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 205.
39) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 205. Hier word nie soos Bultmann dit wil sien van Gnostiese gedagtes gebruik gemaak nie.
40) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 205.
41) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 207; G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VI, s. 433.
42) G. Kittel, *TWZNT,* Br. VI, s. 433.
43) R. Bultmann, *a.a.O.,* s. 206; G. Kittel, *TWZNT,* Bd. VI, s. 433 f.

In Gal. 6:18; Filip 4:23 en Filemon 25 kan „julle gees" met die voornaamwoord „julle" vervang word. [44]) Wanneer die Apostel dus van die gees van die mens praat, word daarmee nie 'n besondere geestelike funksie bedoel nie, maar eenvoudig die persoon as sulks wat inderdaad met die persoonlike voornaamwoord vervang kan word. Soos liggaam en siel het gees in werklikheid dieselfde betekenis, nl. die persoon as geheel, as 'n totaliteit. [45]) By die begrippe siel en gees kan ook die hart van die mens gevoeg word. In die Nuwe Testament, netsoos in die Ou Testament, beteken dit die mens as 'n willende en handelende wese en dit kan ook die verstand beteken. [46]) Dit is duidelik dat die hart nie 'n hoër funksie van die mens is nie, maar dit is die mens wat hom willende en wetende tot die goeie of die slegte kan wend. [47]) Ook die begrip hart kan met die persoonlike voornaamwoord vervang word.

Die liggaam, die siel, die gees en die hart van die mens is begripmatighede in die Ou en Nuwe Testament wat elkeen op sy besondere wyse die mens as persoon, as 'n EK beskryf. Al hierdie begrippe kan, wanneer hulle die mens as geskape wese van God omskryf, met die persoonlike voornaamwoord vervang word en is so op 'n bepaalde wyse op mekaar betrokke. Alleen in hierdie betrokkenheid is hulle wat hulle is, [48]) nl. die God geskape mens wat in gemeenskap met God en ander mense bestaan.

Alhoewel die Woord van God aan ons geen uitgewerkte antropologiese sisteem gee nie, het ons nogtans hier nie met 'n natuurwetenskaplike of met 'n filosofies-antropologiese probleem te doen nie. Ons probleemstelling is suiwer teologies. [49]). Juis daarom kan ons nie anders as die Woord van God te laat spreek nie. Dit is en bly die bron van ons kennis van die mens. Liggaam en siel kan nie los van mekaar bestaan nie. Die liggaam sonder die siel is 'n lyk en die siel sonder 'n liggaam is 'n spook. [50]). Wanneer ons van die siel van die mens of van sy liggaam praat, het ons met die mens as geheel te doen, die mens in die eenheid en totaliteit van liggaam en siel. [51]). Dit word ook 'n twee-eenheid genoem. [52]).

Hoe dit ookal sy, op natuurwetenskaplike en filosofiese antropologiese gebied het die mens juis in ons eeu onder die indruk van die eenheid tussen siel en liggaam gekom. Hulle weet van 'n sekere tweeheid — siel

---

44) R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 207; G. Kittel, *TWZNT*, Bd. VI, s. 433.
45) R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 207.
46) G. Kittel, *TWZNT*, Bd. III, s. 615; R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 221.
47) G. Kittel, *TWZNT*, Bd. III, s. 615; R. Bultmann, *a.a.O.*, s. 221.
48) H. Berkhof, *a.w.*, blz. 58.
49) E. Thurneysen, *a.a.O.*, s. 45.
50) H. Berkhof, *a.w.*, blz. 58.
51) E. Thurneysen, *a.a.O.*, s. 46.
52) H. Berkhof, *a.w.*, blz. 56 v.

en liggaam, maar kan nêrens die grense tussen die twee aantoon nie.[53]) Met hierdie gevolgtrekkings het die antropologiese ondersoek van die natuurwetenskap [54]) en die filosofie digby die Bybelse spraakgebruik gekom. Tog is dit te betwyfel of die natuurlike antropologie deur sy ondersoek van die mens self, die mens ten volle kan ken soos die Woord van God hom openbaar. [55]).

Die versorging van die siel en die liggaam van die mens is in die heel eerste plek verkondiging van die Evangelie van Verlossing. Dit kan nie anders as om die mens onder die aanspraak en geklank van Gods Woord te bring nie. Diakonale arbeid word ook in die **Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens betrek** in die kerstening van die heidene, wanneer gesê word: „Bewys weldadigheid aan **alle mense,** maar in sonderheid aan die huisgenote van geloof". Daarom is Diakonale arbeid in sy wese ook verkondiging van die Evangelie. Dit kan ook so gestel word dat Diakonale arbeid nie onder die heidene gedoen kan word sonder om tegelyk daardie heidene ook onder die geklank van Gods Woord te bring nie. Hierdie skeiding wat soms gemaak word, kan 'n aanleidende faktor wees waarom die Wêreldraad van Kerke sabotasie in Suid-Afrika kan subsidieer. Diakonale arbeid is in sy wese Verkondiging en kan nie verlaag word tot blote sosiale versorging nie.

Prediking, kategese en sielsorg word gewoonlik beskou as die grondvorme van verkondiging. [56]) Op grond van ons ondersoek kan ons nie anders as om diakonale sorg ook daarby te voeg nie. Indien ons dit nie byvoeg nie, is ons besig om die God geskape mens te verdeel en sien ons hom nie as 'n geheel, as 'n persoon wat as sulks deur God aangespreek word in Sy Woord nie.

Op grond van Bybelse gegewens oor die mens onder die aanspraak van God, moet ons konkludeer dat sielsorg en diakonale sorg uitgeoefen moet word. [57]) maar dat enersyds in die diakonale sorg ook die versorging van die siel in die gesigsveld kom. Die mens as skepsel van God word in diakonale en pastorale sorg as persoon, as geheel versorg.

Die **Formulier vir die bevestiging van Ouderlinge en diakens** beklemtoon tereg dat die diakonale sorg indirek gepaard gaan met die pastorale versorging van die mens; „Daarom is die goed dat hulle nie alleen met uiterlike gifte nie, maar ook met vertroostinge uit die Woord

---

53) H. Berkhof, *a.w.,* blz. 57.
54) In die twintigste eeu ontdek die mediese wetenskap hoeseer siekte en gesondheid disposisies is van die siel en hoeseer siekte en selfs ongevalle simptome en die keersy van psigiese ongesteldheid is.
55) E. Thurneysen, *a.a.O.,* s. 52.
56) O. Haendler, *Grundriss der Praktischen Theologie,* Alfred Töpelmann, Berlin W. 35, 1957, s. 225.
57) Vergelyk Hand. 4:34, 35; Rom. 12:8; 1 Kor. 12:28; 2 Kor. 9:7.

van God aan die armes en ellendiges hulp bewys". Die mens word hier in sy geheel as persoon vir versorging voorgehou.

Indien die mens nie as 'n twee-eenheid versorg word nie, kan dit enersyds lei tot die oorbeklemtoning van die versorging van die liggaam en dan word gewone sosiale opheffingswerk verrig. Andersyds kan die oorbeklemtoning van pastorale sorg ten koste van die geheelheid van die mens wat onder die aanspraak van God is, 'n sieklike piëtistiese, metodistiese wen van siele in die hand werk. Word alleen een aspek van die menswees beklemtoon ten koste van die ander, word die God geskape mens 'n onmens. God spreek die mens altyd in sy volheid, in sy eenheid en totaliteit van liggaam en siel aan.

In die lig van hierdie ondersoek kan diakonale sogr prinsipieel ook nie sonder 'n mindere of meerdere mate van diakonale sorg uitgeoefen word nie. Prinsipieel beskou word die mens onder alle omstandighed as 'n een en totaliteit van liggaam en siel versorg.

**A. J. Zwarts.**